Die Afrikaner
sedert 1970
R15
Bedryfskoste per eksemplaar
admin@hnp.org.za Tel. 079 752 4898
Nr 2281 14 Augustus 2026


# Mnr Jaap Marais die grootste eerste minister wat ons sou hê

Hierdie uitgawe van ***Die Afrikaner*** word aan mnr. Jaap Marais opgedra.

Mnr. Marais is op 2 November 1922 in Vryburg gebore en op 8 Augustus 2000 oorlede. Sy volwasse lewe het begin as administratiewe beampte. Hy het verder studeer en 'n BA-graad in regte en tale verwerf en was van 1958 tot 1970 Volksraadslid vir Innesdal. Hy was 'n groot nasionalis en na dr. Verwoerd se dood het die NP begin weg beweeg van die nasionaslisme met die begin van gemengde sport. Die NP het begin onderhandel met die kommunistiese (terroristiese) groep. Toe die NP begin weg beweeg van die tradisionale beleid deur rasgemengde sport te aanvaar, het mnr. Jaap Marais, mnr. Willie Marais, dr. Albert Hertzog en mnr. Louis Stofberg sterk beswaar aangeteken, maar dit het net daartoe gelei dat die vier manskappe uit die NP uitgeskop is.

'n Ander verskil het daaroor gehandel dat die voormalige Minister Jan de Klerk 'n verklaring uitgereik het waarin in uitdruklike terme gesê word dat Maori's nie aanvaar sal word nie. Die Eerste Minister het dit onderskryf. Daarna reik sy Minister van Sport 'n verklaring uit wat presies die teenoorgestelde sê, naamlik dat Maori's aanvaarbaar sal wees, en nou moet die Minister wegvlug van sy eie verlede en 'n verbloeming veroorsaak.

Mnr. Marais het ná die Rustenburgberaad van 1991 waar prof. Willie Jonker namens die NG Kerk en sommer ook namens die Afrikanervolk die sogenaamde sonde van apartheid bely het, 'n ontmoeting met die Dagbestuur van die Moderatuur aangevra. Hy het die Dagbestuur om 'n verduideliking gevra op watter grond gesê kan word, soos in 'n verklaring van die NG Kerk, dat apartheid "'n etnosentriese basis gekry en 'n ideologie geword het" en daarna het die NG Kerk se pastorale arbeid met mnr Marais geëindig.



Op 'n ander stadium reageer mnr Marais deur te sê dat die Afrikanervolk méér as die totaal van sy getalle is, en daarom het nasionalisme vir hom geeskrag opgeroep met die trompetwoorde: vaderland, vryheid en heldedom. Hiermee het hy probeer om die volk se gees te verhef en te besiel met die besef dat die volk se eie aard en waardes sy kosbaarste besit is, waarvoor geen prys te hoog is om te betaal nie. Tewens: "'n Volk wat niks het om voor te sterf nie, het ook niks om voor te lewe nie."

Mnr Jaap Marais, een van ons gewone Boeremense, se hoë intellek was seker nie dié van 'n Einstein of HF Verwoerd nie. Sy uiterse welsprekendheid was seker nie dié van 'n Chrisostomus of JG Strijdom nie. Sy meerdere statuur was seker nie dié van 'n Cicero of DF Malan nie. Maar sy Afrikanerhart was met godsdienstige moed dié van 'n leeu! Sy politieke voet was dié van 'n hert of 'n ribbok wat met sy agtervoete trap waar sy voorvoete trap. Daarmee kon hy in geloofspresisie op hoogtes klim met klouende stand en vaste beginsel, om die kruine van die berge te bereik! Hiervandaan het mnr. Marais vir die Afrikanervolk van geslagte soos 'n profeet 'n vergesig getoon. ■

<u>*Sekere politieke argumente en vrae:*</u>

# "Waarom nie aan verkiesing deelneem? Waarom buite die politieke bestel bly? Wat is die Alternatief?”

**JA Marais. Leier van die HNP**

Oor sekere politieke argumente wat in omloop is en wat onsekerheid skep as dit nie effektief beantwoord word nie, moet groter helderheid gegee word, veral in die lig van die verwagte party-politieke verwikkelings in die aanloop tot die 1999-verkiesing, en ook die honderdjarige herdenking van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog in dieselfde jaar.

### Woorde om te bewimpel

Een van die huidige verskynsels is dat sekere politieke partye wegskram van woorde met bekende betekenisse soos "beginsels" en "beleid", en in plaas daarvan praat oor "missie" en "visie", wat vatbaar is vir enige vertolking en amper die indruk gee van 'n voel-voel-beweging in 'n digte mis.

So ook, vandat die militêre pensioenaris, genl. Constand Viljoen, in 1993 op die politieke toneel ontpop het as "die groot strateeg", het dit mode geword in die party-politiek om "strategie en taktiek" in omloop te bring met 'n bykans magiese omgeefdheid, asof net die gebruik van dié woorde reeds die oplossing van die probleem is.

“Strategie” is eenvoudig die wyse van nastrewing van die doelstelling - in oorlog die oorwinning oor die vyand. "Taktiek" is die dag-tot-dag tussenspel waarin die vyand uitgelok word tot verkeerde besluite, frontveranderings gemaak word om hom te mislei en verrassingsaksies geloods word om hom te ontmoedig en te verswak.

### Politieke stryd en gewapende stryd

Strategie en taktiek is belangrik in enige stryd, hetsy militêr, ditsy revolusionêr, polities of selfs persoonlik. In die huidige situasie in Suid-Afrika gaan dit om 'n politieke stryd. Maar tussen die politieke en militêre stryd is daar 'n smal grens. Soos Carl von Clausewitz gesê het: "Beleid is die voortsetting van oorlog met ander middels", en Lenin dit omgedraai het tot "Oorlog is die voortsetting van beleid met ander middels", kan, soos in 1881, oorlog die voortsetting van beleid met ander middels word, en soos ná 1902, beleid die voortsetting van oorlog met ander middels word.

### Heersende toestand omskryf

Om enige strategie en taktiek te bepaal, moet die heersende toestand allereers duidelik en korrek begryp en gedefinieer, en die verband tussen dinge inbesien word. Alleen dan kan 'n juiste toekomsbeeld gevorm word op grond van moontlikhede en waarskynlikhede en kan die sterk en swak punte aan weerskante aangedui word vir evaluering. Suksesvolle taktiek en strategie begin by die juiste begrip van die bestaande werklikheid — die sterk en swak punte van die ander kant; die strydmiddels tot beskikking, die persone wat dit kan hanteer, die tyd- en ruimtefaktor en dies meer.

**HNP-voorspellings reg**

Daar word algemeen erken dat die HNP-leiding se voorspellings byna altyd reg en sy waaskuwings van pas was. Dit was omdat hy 'n juiste begrip van die waarheid gehad het en die verband tussen dinge ingesien het. Om gevare vooruit te sien en daarteen te waarsku, is om reeds die regte taktiese sin te openbaar - net soos 'n militêre leier 'n hinderlaag raaksien en dit vermy, of 'n valse beweging van die vyand eien en daarteen waarsku.

In dié verband is dit ter sake om weer die beskouing van CH Douglas, 'n denker van formaat, aan te haal. "Die ware toets van wetenskaplikheid" het hy gesê, "is standhoudend juiste voorspellings. Egte profete, waarvan ook staatsmanne, is dié wat weens hulle begrip van die waarheid, die gevolge van sekere beleid goed vooruit kan sien as daarmee volhard word. "Dit is die verdienste van die HNP.

**Wese van heersende toestand:**

Geen taktiek en strategie kan suksesvol wees as dit nie gebasseer is op juiste definisie van die werklikheid en begrip van die waarheid nie. So, in die huidige situasie in Suid-Afrika is die eerste saak wat aangespreek moet word, die definiëring van die huidige werklikheid. Daarvan is die wesensaard dat ons 'n oorwonne volk is weens bedrog en verraad, dat ons selfrespek daardeur baie erg aangetas is, en dat terwyl ons verdeeld, verswak en verraai is, die vyande voortgaan om, as die veroweraar, ons te vervreem van ons eie, te verdring uit ons erfinis, te verguis oor ons geskiedenis, en ons te verneder voor ons vyande.

**Konvensionele stryd verby**

Soos tevore geskets is, stem die Afrikaners se huidige na-oologse posisie in belangrike opsigte ooreen met dié van die Boereleërs ná die beëindiging van die beleg van Ladysmith, Kimberley en Mafeking, die oorgawe van Cronjé by Paardeberg, Prinsloo by die Brandwaterkan en die Britse besetting van Bloemfontein en Pretoria. Dit was die einde van die konvensionele militêre stryd. En genl. Botha en Smuts het aan pres. Kruger getelegrafeer dat hy dadelik ten alle koste vrede moes sluit. Pres. Steyn het egter ingegryp en in 'n telegram die Transvaalse leiers van lafhartigheid beskuldig en hulle opgeroep tot voortsetting van die stryd.

**Guerillastryd om eer te handhaaf**

Net 'n enkele telegram van een leier met integriteit en moed het 'n dramatiese swaai aan die geskiedenis gegee. Dit het die daad geword wat die sneller getrek het vir die guerillastryd wat toe begin het, amper twee jaar geduur, en 'n Boereheldedom opgelewer het wat die volk trots en selfrespek gegee en tegelyk die grondslag gelê het waarop die Bittereinders daarna die stryd op politieke gebied gevoer het.

Die guerillastryd was in wese om die Boere se volkstrots en selfrespek te handhaaf. En daarin het die verbete Boerevegters geslaag, hoe onmoontlik dit ook al gelyk het met die vyandige oormag wat tot sowat 40 000 man gegroei het, teen die kwynende weerstand van uiteindelike 14 000 Bittereinders.

Wanneer 'n mens in die toekoms kyk, is al gesê, jy kan net so ver sien as wat jy in die verlede kan terugkyk. Dit bevat 'n groot waarheid. Die les van die Afrikanergeskiedenis is dat wanneer 'n stryd verloor is, dit met ander middels voortgesit word. Die konvensionele politieke stryd in Suid-Afrika is veby ná 27 April 1994, net soos die konvensionele militêre stryd na 30 Junie 1900 verby was met die Britse besitname van Pretoria. Polities is die Afrikaners in 'n soortgelyke posisie as die Boervolk militêr gesproke na Junie 1900 was.

## Vier tipes voortgebring

Soos na die afgelope terroriste-oorlog, was daar na die Engelse Oorlog, ook vier tipes leiers onder die Afrikaners: die verraaiers (soos Piet de Wet, Andries Cronje, e.a), die vredepraters (soos genl. Botha en Smuts), die oorgeërs (soos genl. Piet Cronje, Ben Viljoen, Marthinus Prinsloo), en die Bittereinders (soos pres. Steyn, genl. De Wel, genl. De la Rey, genl. Hertzog en ander). Laat die name van die eietydse voorbeelde van dié vier groepe maar aan elkeen se oordeel oorgelaat word om in gedagte in die gepaste ruimtes ingevul te word.

## Bittereinders

Die onmiskenbare feit is dat dit die Bittereinders is wat die werklike Afrikanervolk by die vredesonderhandelings in 1902 verteenwoordig het. By die vredesonderhandelings van 1993 was dit die verraaiers en oorgeërs en vredepraters wat vreemd aan die gees van die Bittereinders hulle volk se vryheid weggegee het.

Die geskiedenis sedert 1902 is die verhaal van voortgesette stryd van dié Afrikaners wat die gees van die Bittereinders verteenwoordig het. Die ark van die Afrikanerdom is gedra deur die Bittereinders van elke geslag Afrikaners.

## Verraad, oorgee, vredemaak en voortveg

Na 1902 was daar nie 'n Boereleier wat kon sê: dit is ons 'strategie', en dit is ons "taktiek" nie. Elkeen van die vier groepe was verbind tot die wese van hulle vorige optrede — verraad, oorgee, vrede maak enersyds, en stryd wat voortgesit word andersyds. Die verraaiers (Piet de Wet, Andries Cronjé, Vilonel) is uit die volk gestoot; die oorgeërs (Piet Cronjé en Ben Viljoen) het met 'n gevoel van ontuis-wees die land verlaat; die vredepraters (Botha en Smuts) het opgegaan in die nuwe bestel en só teen hulle volk gedraai dat hul in 1914 op hul voormalige Boerestrydmakkers geskiet het ter wille van Britse belange.

## Gees van Bittereinders

Die riglyn van die daaropvolgende ontwikkeling het geloop vanaf die Bittereinders van 1902 na 1914, 1924, 1934, 1939, 1948, 1960, 1961... En dit het in 1969 geloop oor dr. Albert Hertzog wat, soos pres. Steyn in 1900, geweier het om die stryd om die Afrikanervolk se eer te staak en in naam van "verandering" en "hervorming" toe te gee en prys te gee en weg te gee en oor te gee soos nou, die sigbare resultaat is van die taktiekstrategie wat die Nasionale Party-leiers na die moord op dr. Verwoerd gevolg het.

## Albert Hertzog

Dr. Hertzog het die heersende werklikheid van na 6 September 1966 reg vertolk, die verband tussen dinge ingesien, gewaarsku teen die nuwe strategie, geweier om dit te steun en hom liewer uit die NP te laat skop as om verraad te pleeg teen sy volk se belange, toe te gee aan die vyandelike druk, en gaandeweg vernederende vredesvoorwaardes met die vyand aan te gaan, soos ander Afrikaners paaiementsgewys gedoen het in die periode vanaf die sluipmoord op dr. Verwoerd tot tans.

Die kosbaarste besit van die Afrikanervolk is die gees en tradisie van die Bittereinders — nie die ontrouheid van die verraaiers , die lafhartigheid of onbevoegdheid van die oorgeërs, die dienstigheid en ambisies van die vredepraters en die ja-nees van die halfhartiges nie.

**Weerstandsbeweging bly buite bestel**

Dit is reg dat daar tans in Suid-Afrika verwys word na die voorbeeld vanweerstandbewegings in Frankryk, Nederland en ander Europese state wat in die Tweede Wêreldoorlog deur Duitsland oorwin is. Wat meestal misgekyk word, is dat leiers van dié Europese weerstandbewegings beslis nie deelgeneem het aan die nuwe magsbestel van die veroweraars in die verskeie land nie. Trouens, die waardige patriot en beroemde veldheer, maarskalk Petain, wat in Frankryk 'n regering saamgestel het om die verowerde Franse volk se belange ten beste te beskerm in samewerking met die Duitse besettingsowerheid, is byvoorbeeld ná die die oorlog van verraad aangekla en tot die buitenste duisternis van Fransmanskap verban. Genl. de Gaulle wat ook uit patriotiese vereenselwiging met Frankryk die weerstand selfs van ver buite Franktyk se grense aangespoor het, het uiteindelik die tydlose simbool van Franse volkstrots en nasionale selfrespek geword. De Gaulle het nie tydens en net na die oorlog 'n strategie gehad om Frankryk weer selfstandig te maak nie. Hy het net die Franse se eergevoel en patriotisme aangespreek. Hy het aan die mag gekom toe die na-oorlogse orde in Frankryk in die een krisis na die ander beland het en hy as die vaste steunpunt die Franse om hom versamel het. Dit toon ooreenkoms met die vordering van die Bittereinders se stryd ná 1902, wat ook grotendeels toe te skryf is aan die dade en foute van hulle teenstanders en vyande wat in 1924 uitgeloop het op die oorwinning van genl. Hertzog teenoor genl. Smuts. Genl de Gaulle se opkoms het in hoë mate ook gespruit uit die swakhede en die misvattings van sy teenstanders.

**HNP**

Die HNP se strategie rus op een uitgangspunt, net soos dié van die Europese weerstandbewegings: ons berus nie in die bedrogvolle verowering deur 'n terroristebende nie, ons beskou die nuwe regime as onregmatig, daarom neem ons soos die Europese weerstandbewegings nie daaraan deel nie.

Ons taktiek is soos dié van die Boeremagte na Junie1900, aangepas by dié nuwe situasie, naamlik dié van 'n politieke guerillastryd, met die primêre doel om, soos die Boeremagte destyds, ons volkstrots en nasionale selfrespek te herstel as die voorvereiste vir die opwekking van Afrikaner-nasionalisme as die bewegingsmag van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

**Guerilla**

Die destydse guerillaleiers se taktiek was om die vyand se swak plekke uit soek en aan te val, die uitdaging tot magsametrekkings te vermy , die vyand se soldate toevoer van wapens en proviand te ontwrig, die stryd uit te rek en die vyand se soldate en ondersteuners te frusteer en te ontmoedig. Oor hoe hierdie taktiese aksies in die huidige politiek guerillastryd uitgevoer en aangepas moet word na gelang die strydtoneel verander, kan besin word, die strategiese doelwit die herwinning van die vryheid onvoorwaardelik bly.

**Deelname aan verkiesing is wat vyande wil hê**

Een ding is duidelik om aan die Kommunisteis-gereelde een mens, een stem-verkiesings deel te neem, is om terug te val tot die konvensionele politieke stryd na wat sedert 27 April 1994 verby is, net soos die konvensionele militêre stryd na die val van Pretoria einde Junie 1900, en net soos die konvensionele militêre stryd verby was en in Holland na Mei 1940 en in Frankryk na die Duitse inname van Parys. Napoleon het gesê: “Dit is 'n aanvaarde voorskryf van oorlog: moet nooit doen wat die vyand wil hê jy moet doen nie, omrede alleen hy dit begeer... Vermy 'n slagveld waarop hy ingegrawe is.” Dit is letterlik toepaslik op die uitnodiging om aan die 1999-verkiesing deel te neem.

**Verkeerde taktiek voortgesit**

Die vraag om te beantwoord is tans nie eerstens: wat is jou taktiek en strategie nie, maar wat is jou uitganspunt in die gegewe werklikheid? Neem jy deel aan die onregmatige politieke bestel en gee jy sodoende daaraan erkenning, of bly jy daarbuite en sit die stryd van buite voort? Dit was reeds die vraag toe die bedrieglike vredesonderhandelings in 1993 by Kempton Park aan die gang was en waarby die vyande die Afrikaners ten alle koste betrokke wou kry. Dié wat toe ingegaan het, kon nie weer daaruit nie en dit oorheers steeds hulle voortgesette verkeerde taktiek en strategie.

Die KP het in 1991 in 'n verklaring gesê deelname aan die onderhandelings is verraad, maar in 1993 het hy onder die vaandel van die Afrikanervolksfront en die sogenaamde COSAG en Vryheidsalliansie deelgeneem asof deelname aan die onderhandelings toe nie meer verraad sou wees nie. Dit was 'n sigbare taktiese misstap wat net Afrikaners verwar en die vyande bevoordeel het. In 1994 het die KP gesê hy bly buite die Kommunisties-gereëlde verkiesing, ook uit godsdienstige oorwegings, maar in 1995 en 1996 het hy met vernederende gevolg deelgeneem en is nou op grond van sy selftoegediende besering verbind om ook aan 1999-verkiesing deel te neem. Geen taktiek en strategie kan sinvol wees as dit só veranderlik is nie, want dan is "taktiek en strategie" net 'n verskoning vir opportunisme en gebrek aan beginsels en oortuiging."

**Alliansies**

Die verkeerde besluit van die KP en ander om aan verkiesings deel te neem, neem nou die wetmatige verdere verloop. Dit is dat nie een van die Blank-oorheersende partye wat aan die vorige verkiesings deelgeneem het, op sy eie aan die 1999-verkiesing kan deelneem nie. In die munisipale tussenverkiesing in Boksburg in Oktober 1997, was daar sowat 8000 Blankes op die kieserslys teenoor 1200 Kleurlinge en 680 Swartes. Die NP het 648 stemme gekry, waarskynlik meestal van Kleurlinge. Die Vryheidsfront het 247 stemme gekry. En die KP net 125. Dit was net nadat die KP besluit het om aan die 1999-verkiesing deel te neem, wat hy klaarblyk nie op sy eie sal kan doen nie. Dit bring die volgende misstap mee, naamlik die sluiting van alliansies met ander partye wat in 'n soortgelyke posisie verkeer. Dit is dus nie bondgenootskappe op grond van eenderse politieke oortuigings nie, maar onheilige alliansie om eie belange te bevorder en vyandige oogmerke te dien.

Wanneer die verkiesing verby is, kan daar nie meer vyandskap tussen dié betrokke partye wees nie. Alliansie bring hulle nader aan mekaar. En tydens die verkiesing sal onderlinge verskille plek maak vir 'n groeiende samehorigheid, wat na die verkiesing instand gehou sal word, sal uitloop op verdwyning van die swakkere omdat die basiese rede vir voortbestaan, naamlik verskil van beginsels en beleid, sal vervaag en verdwyn. Dit is die noodwendige verloop van alliansiepolitiek. 'n Party wat in alliansie met 'n ander gaan, verloor onafhanklikheid en bewegingsvryheid, en gaandeweg sy bestaansreg.

**Alternatief**

Die alternatief is om buite die bestel te bly, en soos Napoleon gesê het die slagveld te vermy waarop die vyand verskans is. Hoe groter die getal Blankes is wat weier om aan die verkiesing deel te neem, hoe sterker word die gees van verset en hoe gunstiger word dit om in gemeenskaplikheid teen die vyand te staan en die stryd voort te sit.

**Nasionalisme**

Een feit moet steeds erken word: nasionalisme se krag lê in die vermoë om eenvoudig nee te sê. Daar is tevore aangehaal wat genl. De Gaulle se Minister van Kultuursake, André Maraux, oor hom gesê het, naamlik: “Sy (De Gaulle se) natuurlike impuls was om nee te sê, en hy was op sy gemak

alleen wanneer hy nee gesê het". Dit is die onderskeiding van die egte nasionalis. Om nee te sê vir 'n vyand se taktiek en strategie is 'n onmiddellike teentaktiek en -strategie. Om dit te doen, is nie om, soos gesê word, niks te doen nie: dit is die grondslag van teentaktiek en -strategie. Daaruit het die weerstandbewegings in Europa begin, met geen ander taktiek en strategie nie as die wil tot verset en volharding en die handhawing van die nasionale eer.

**Begeestering, Organisasie**

Die essensie is dat vir effektiewe weerstand daar begeestering en organisasie en kommunikasie moet wees. Dit ontbreek tans onder Afrikaners, omdat leiers ons in die steek gelaat het. En die herstel daarvan moet voorrang geniet. Die begeestering moet kom uit 'n verskerping van die historiese sin en begrip van die vyandelike ooggmerke. Die organisasie moet mense verenig op die grondslae van die Bittereinders. Die verraaiers moet geïdentifiseer, ontbloot en as volksvyande die banvloek oor hulle kry. Die oorgeërs moet stilweg eenkant gehou word, want hulle het 'n geestelike knak gekry waarvan hulle nie sal herstel nie, maar waarvan hul kinders vry sal wees. Die vredepraters moet skepties na geluister en op 'n gerieflike afstand gehou word, want hulle sal 'n verlammende en frustrerende invloed wees wat stryd teen die vyande wil vermy en die vyande se taktiek en optrede sal wil vergoelik of verskoon. Die vegtende minderheid, die Bittereinders, sal die historiese oproep van die nasionalisme: vaderland, volkskap en vryheid, beantwoord. Hulle is die magnetiese kern wat ander aantrek en bind en 'n mag word groter as die totaal van getalle. Die grootste deel van die Afrikanervolk is nie verraaiers of oorgeërs nie. Hulle is mislei  en bedrieg deur leiers.

**Organisasie om media te beteuel**

Die grootste voordeel van die vyande van nasionalisme is dat hulle die steun het van die kommersiële media wat beheer word deur die geldmag in sy strewe na uitwissing van die grense van ras en volk en kultuur en godsdiens en nasionale state. Hulle beskerm die samesweerders en die verraaiers. En deur wanvoorstelling van volksgetroue leiers en partye, skep hulle vooringenomendheid by 'n vyandige publiek. Andersyds verswyg hulle politieke opponente in hul berigte om die indruk te gee hulle bestaan nie of is nie belangrik nie. Daarnaas plaas hulle 'n verbod op publiteit aan sameswerings teen die volk, soos die IDASA-komplot.

Tans word die HNP met groot berekenheid in die media verswyg, omdat al meer mense (selfs Nie-Blankes) besef dat dié party die enigste is wat die politieke situasie reg begryp en volkome eerbaar en betroubaar in sy uitsprake en optrede is. Deur verswyging wil die kommersiële media te kenne gee dat dié party nie meer bestaan of nie werd is om genoem te word nie."

**IDASA-komplot**

"Die onthulling van die IDASA-komplot het die kommersiële media se ware aard ook ontbloot. Hulle het dié sensasionele onthulling van 'n groot sameswering volkome verswyg, in stryd met alle reëls van goeie joernalistiek en gewone eerbaarheid. Die rede is dat hulle die samesweerders en die magte agter dié moet beskerm. Selfs Radio Pretoria was gemuilband, omdat die KP se R500 000 rentevrye lening aan Radio Pretoria en Constand Viljoen en Tienie Groenewald se invloed 'n versperring is teen publisiteit aan so 'n infame volksvyandige sameswering waarby hulle diep betrokke was.

**Media nie onoorwinlik**

"Sulke bedrog het geen innerlike lewenskrag nie  En goeie organisasie kan 'n insulering  teen die invloed van die kommersiële media wees en die valsheid teëwerk. Die oorwinning van die Nasionale Party in 1948, die oorwinning van die Rhodesian Front in 1962, is goeie voorbeelde van

hoe met beperkte kommunikasiemiddels maar goeie organisasie suksesvol teen die tegnieke van die geldbeheerde media gestry kan word.

Waar dié media 'n party en sy leier in afbrekende terme behandel om 'n swak beeld van hulle te skep, is die antwoord daarop inspanning, volharding en bekendstelling aan die publiek bo-oor en buite-om die media. In die VSA het byvoorbeeld Ronald Reagan die sukses daarvan bewys. En voor hom het Barry Goldwater se aanwysing as presidentskandidaat van die Republikeine die mag van goeie organisasie getoon.

### Les van 2000 jaar gelede

Daartoe word moed, beslistheid en geloof vereis. "Daar is niks", het Seneca in die eeste eeu n.C. gesê, "wat nie deur volhardende inspanning en voortdurende en waaksame sorg oorkom kan word nie". En in dieselfde rede het hy gesê: "Gebrek aan vertroue is nie die gevolg van moeilikheid nie: die moeilikheid kom van gebrek aan vertroue." Dié les van byna 2000 jaar gelede moet weer gegrif word op die hart van dié Afrikaners wat die gees van die Bitterienders voortdra.

### Ark van Afrikanerdom

Die HNP matig hom aan om te glo dat vandat die Nasionale Party-Broederbond-NG Kerk-alliansie die rug op dr. HF Verwoerd en sy voorgangers gedraai het, die ark van Afrikanerdom rus by dié wat trou gebly het aan hulle Witmanskap, hul Afrikanerskap, hul Christenskap en, soos 'n sterk voorgeslag van hulle nageslag sou verwag het, die stryd voortgesit het teen die aanvanklke politieke oormag van di NP-NG-AB-alliansie. Dit is die erfenis wat die HNP se vroeë stryders nalaat aan dié op wie se skouers die hand van die geskiedenis nou swaar rus.

---


**Die Afrikaner**

admin@hnp.org.za Tel.: 079 752 4898



**Redakteur:** Mnr. Henk van de Graaf vandegraafhenk@gmail.com

**Medewerkers:** Mnr. Andries Breytenbach, Mnr. Hermanus van der Schyff, Mnr. Rudolf Buitendach, Mnr. Meinhard Peters, Mev. Alet Murray, Dr. Gideon Grobler

**Uitleg en tegniese versorging:** Mev. Juanita Powroznik



# “Sy doodkry was (nog steeds) nie”




’n Stel van **8 DVD’s** (ook op ’n geheuestokkie) oor die politieke ontwikkeling oor die afgelope 50 jaar en die rol van die HNP om die oorgawe aan die ANC te probeer keer. Die vertellings word gestaaf deur unieke foto- en lewendige video-materiaal uit dié era.

**R800 per stel van 8 DVD’s (netjies verpak) of ’n geheuestokkie.**

# Die Afrikaner

sedert 1970

admin@hnp.org.za    Tel. 079 752 4898

## Debietorderopdrag

Titel: Prof. Dr. Mnr. Mev. Mej.

Van en Voorletters: ________________________________

Adres: ________________________    Sel. ________________________

________________________    E-pos ________________________

________________________

Poskode: __________

ID Nr: ________________________    Datum: ______________

**AAN: *Die Afrikaner*, Posbus 18826, PRETORIA-NOORD, 0116.**

Geagte Meneer    **MY OOREENKOMS: MAANDELIKSE BYDRAE**

Die besonderhede van my/ons* bankrekening is soos volg:

**BANK** ________________________

**TAKNAAM EN DORP** ________________________

**TAKNOMMER**: ______________    **REKENINGNOMMER**: ________________________

**TIPE REKENING**: **Tjek**  **Transmissie**  **Spaar**

**BEDRAG:** R ____________ ( ________________________ **Rand**) in woorde

Ek/Ons* versoek hiermee, "dra dit aan u op", en magtig u om my/ons* rekening by bogenoemde bank (of 'n ander bank of tak waarheen ek/ons* my/ons* rekening mag oorplaas) met bostaande bedrag te debiteer ten opsigte van bogenoemde ooreenkoms op die 1e 16e dag van elke maand met ingang ________________. Alle sodanige onttrekkings uit my/ons* bankrekening deur u word behandel asof dit deur my/ons* persoonlik onderteken is.

Ek/Ons* stem toe om enige bankkoste met betrekking tot hierdie debietorderopdrag te betaal. Hierdie magtiging kan deur my/ons* gekanselleer word deur aan die HNP skriftelik dertig dae kennis te gee, maar ek/ons* verstaan dat ek/ons* nie op 'n terugbetaling van bedrae geregtig is wat u onttrek het terwyl dié magtiging van krag was nie. Die ontvangs van hierdie opdrag deur u word as ontvangs daarvan deur my/ons* bank (soos die geval mag wees) geag.

Onderteken te ____________________ op hierdie _____ dag van ______________ 2024.

________________________
HANDTEKENING

*Skrap wat nie van toepassing is nie

# Herstigte Nasionale Party

Tel 079 752 4898
e-pos: **hnpvansa@gmail.com**

# Aansoek om Lidmaatskap

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee plegtig dat die grondslag, doelstellings en beginsels van die Herstigte Nasionale Party ten volle onderskryf en my aan die grondwet onderwerp.

Titel: Prof Dr Mnr Mev Mej

Van en Voorletters: ___________________

Adres: __________________________ Sel.no.: ______________________

__________________________ E-pos: ______________________

__________________________

Poskode: ________

ID No: _______________________________

Vaardigheid/Beroep: _____________________________

Ledegeld: ☐ (D/O)(R50 p/m)

Handtekening: _____________________ Datum: _______________

**Goedkeuring van Lidmaatskap**

**Datum van toelating:** ______________________ **Ledegeld betaal:** ____________

**(Get.) Werwer (HNP-lid):** _________________________________________________

**Bankbesonderhede:**

**ABSA Tjek**rekening: 020770880 **Rekeningnaam**: Spitskopfonds **Verwysing**: U naam en van

*Kantoorgebruik:*

Datum waarop aansoek ontvang is: _____________ Lidnommer: ______________________

Datum waarop ledekaart aan lid gestuur is: ______________________